*Dinsdag* **30 September**

**Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-8**
**Fokusgedeelte: Openbaring 21:1-3**

**God laat ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde kom wat verlos is van alle verganklikheid en alle sonde, waar ons vir ewig in sy teenwoordigheid sy volk is en Hy ons God**

Die boek van Openbaring bevat ’n boodskap van hoop vir die kerk wat tans onderdruk word in hierdie wêreld. Die visioen wat God vir Johannes laat sien het, vertel van die toekomstige bedeling waar die volk van God vir ewig by Hom gaan wees en waar alle verdrukking verby gaan wees.

In ons teksgedeelte staan hierdie boodskap van hoop voorop. Die ou aarde is uitgewis en daar is nou ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde. Die tyd van die oordeel van God deur Christus is nou verby. Daar is nie meer sonde nie en daarom is daar ook nie meer die gevolge van die sonde nie. Daar is nie meer dood nie. Daar is nie meer pyn en smart nie. Daar is nie meer verganklikheid nie.

God sal self ons trane afdroog. Ons vind hierin troos en hoop te midde van die swaarkry van die huidige bedeling. Dit is egter nie die hoogtepunt van die nuwe bedeling nie. Die hoogtepunt is eerder die besondere teenwoordigheid van God wat ons vir ewig gaan ervaar.

God is natuurlik alomteenwoordig, maar die besondere teenwoordigheid wat ons gaan ervaar, is God se volmaakte goedheid en die genade wat op ons uitgestort gaan word. Alle sleg en swaarkry gaan van ons weggeneem word en ons gaan oorvloedige vreugde in God ervaar. Ons gaan by Hom wees. Ons gaan sy volk wees wat Hom vir ewig loof en prys en Hy gaan ons God wees wat ons vir ewig in sy goedheid onderhou.

Hierdie oorwinning is reeds vir ons verseker. God sê in ons teksgedeelte Hy is die Begin en Einde. Hy bepaal alles wat gebeur. Daarom kan ons met sekerheid uitsien na die nuwe hemel en die nuwe aarde waar ons by God kan wees. Dit is ons grootse begeerte as gelowiges.

*Sing: Skrifberyming 5-7:1, 3, 5*
*Ds. FF (Frikkie) Deysel (Venterstad)*